WATERBEPERKINGS

KATEGORIEË	VLAK 1-WATERBEPERKINGS VIR DIE GEBRUIK VAN MUNISIPALE DRINKWATER
NATLEI MET TUINSLANGE EN SPROEIERS	Munisipale drinkwater mag net vir uiters een uur lank per eiendom vóór 09:00 of ná 18:00 op Dinsdae en Saterdae vir natlei gebruik word. Tuinslange moet 'n selfafsluit-sproeikop hê.
NATLEI MET DRUPBESPROEIING, TUINSLANGE MET GAATJIES, EMMERS OF GIETERS	Munisipale drinkwater mag op enige dag van die week vóór 09:00 of ná 18:00 vir natlei gebruik word.
SPORTTERREINE EN PARKE	Munisipale drinkwater mag net vóór 09:00 of ná 18:00 op Dinsdae en Vrydae vir natlei met sproeiers en tuinslange gebruik word. Tuinslange moet 'n selfafsluit-sproeikop hê.
SWEMBADDENS	Munisipale drinkwater mag net gebruik word om swembaddens vol te maak indien: • Die swembad met 'n niedeurdringbare, soliede swembadbedekking toegemaak word wanneer dit nie gebruik word nie. • Terugloopwater ("backwash water") herwin word en reënwater gebruik word om die swembad vol te maak waar dit prakties moontlik is.
WAS VAN VOERTUIE (private en informele motorwasserye)	Voertuie, karavane en bote mag met munisipale drinkwater gewas word indien 'n emmer of 'n hoëdruk-, laevolume-skoonmaaktoestel gebruik word.
WAS VAN VOERTUIE (kommersiële motorwasserye)	Kommersiële motorwasserye mag munisipale drinkwater gebruik indien die industrie se bestepraktyknorme vir waterbewaring nagekom word en minstens 50% van die water wat gebruik word, herwin word.
ORNAMENTELE WATERFONTEINE	Munisipale drinkwater mag gebruik word.

DINK WATER
GEE MEER OM. SPAAR BAIE.

www.capetown.gov.za/thinkwater

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.

Watergebruikregulasies wat permanent van toepassing is

Waterverordening-regulasies geld te alle tye, ongeag die waterbeperkingsvlak.

- Besproeiing word slegs vóór 09:00 of ná 18:00 toegelaat. Dit sluit bespoeiing met drinkwater, boorgatwater en putwater in.
- Tuinslange wat vir besproeiing of die was van voertuie, bote en karavane gebruik word (waar toegelaat) moet 'n beheermeganisme soos 'n sproeikop of outomatiese selfafsluittoestel hê.
- Outomatiese besproeiingstelsels (waar toegelaat) moet korrek geposisioneer en verstel kan word om watervermorsing te voorkom.
- Boorgate en putwater moet spaarsaam en doeltreffend gebruik word.
- Kommersiële motorwasserye moet die bedryf se bestepraktyknorme nakom vir watergebruik per motor wat gewas word.
- Alle swembaddens moet met 'n swembadbedekking toegemaak wees wanneer dit nie gebruik word nie om verdamping te voorkom.
- Outomatiese opvulstelsels vir swembaddens en tuindammetjies wat 'n dryfklep met water uit 'n drinkwaterbron gebruik, word nie toegelaat nie.
- Drinkwater (kraanwater) mag glad nie gebruik word om harde oppervlakke of plaveisel te was of af te spuit nie. Watergebruikers soos slagpale, voedselverwerkingsnywerhede, sorgfasiliteite, diereskuilings en ander nywerhede of fasiliteite met spesiale behoeftes (slegs gesondheids- of veiligheidsverwant) moet om vrystelling aansoek doen.
- Drinkwater mag nie gebruik word om bousand en ander boumateriaal nat te gooi om te keer dat dit wegwaai nie.
- Krane en storte in openbare fasiliteite moet toegerus wees met krane wat water slegs op aanvraag verskaf.
- Buitekrane, behalwe dié op residensiële eiendomme, moet toegesluit wees om ongemagtigde gebruik te voorkom.
- Die maksimum vloeitempo van enige stortkop mag nie meer as 7 liter per minuut wees nie.
- Die maksimum vloeitempo van enige kraan wat aan 'n handwasbak aangebring is, mag nie meer as 6 liter per minuut wees nie.
- Nuwe of vervangde spoeltoilette mag nie 'n kapasiteit van meer as 6 liter hê nie.

Sien bylae 1 van die Waterverordening, 2010, soos gewysig 2018, vir die presiese bewoording.

DINK WATER
GEE MEER OM. SPAAR BAIE.

www.capetown.gov.za/thinkwater

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.